RITSGIDS BYLAE BY DIE TRANSVALER EN OGGENDBLAD Saterdag, 30 Junie 19..

POPJOL

ronelle loots

# Fees wat musiekliefhebbers nie mag misloop nie

HIS MAJESTY'S: JOHANNESBURG MUSIC FESTIVAL
Met: Roger Lucey, Abafane Besishingishane en die Paul Clingman Band.

Woensdagaand was die begin van die eerste Johannesburg Musiekfees. Die bywoning was maar baie middelmatig, wat miskien verstaan kan word vanwee die kort kennisgewing waarop dit geskied het en ook die feit dat daar 'n ander vertoning by die Colosseum was.

Diegene wat enigsins belangstel in die musiek van ons plaaslike kunstenaars durf die laaste vertoning nie misloop van die groep mense wat vanaand nog speel nie.

Roger Lucey kan miskien die beste beskryf word as 'n storieverteller. En die stories wat hy vertel is van dié dinge wat ons soms in die koerante lees, en soms nie in die koerante mág lees nie.

Dat sy musiek 'n politiese inslag het is seker, maar dit is ook 'n spieëlbeeld van die tye waarin ons leef en van die land waarin ons woon. Dit is tog immers 'n troebadoer se doel, om sy luisteraar feitlik te dwing om opnuut na die dinge om hom te kyk.

Die groep wat Lucey om hom vergader het, is blykbaar saamgestel in so min as 'n week en dit waarmee hulle vorendag kom is des te meer bewonderenswaardig. Gee hulle meer tyd saam, en dit kan iets heel besonders word.

Abafane is die swart groep wat opgetree het. As 'n leek van swart musiek wil ek my nie hier te veel uitlaat nie. Dit is aansteeklik, hulle het daardie spontane ritme wat 'n mens so dikwels bewonder. Maar die liriekinhoud gaan by 'n mens verby en dit is tog wat vir hulle van belang is.

Die Paul Clingmangroep, bestaande uit Edi Niederlander (elektr. ght.), Ramsay Mackay (bas) en Colin Pratley (dromme), het nie dieselfde spontaneiteit as die ander groepe nie, miskien omdat hulle die musiek al so goed ken en die opwinding van 'n lewendige gehoor om v or te speel nie meer so groot is nie. Juis daarom kan hulle miskien meer konsentreer om die visuele aanbieding te verbeter.

Clingman se musiekinhoud is ook van 'n ernstige aard, maar spreek nie so direk tot sy luisteraar nie. Dit voldoen aan dié vereiste dat dit stewige, vinnig-bewegende musiek is wat nie net op liriekinhoud beoordeel hoef te word nie.

Die musikante wat hy om hom het, is elkeen ook 'n kunstenaar in eie reg: Edi se solo-stukkies, Ramsay en Colin se ongelooflike virtuose samespel.

As die res van die musiekfees wat nog wag van dieselfde standaard gaan wees, kan 'n mens nie sien hoe belangstellendes dit kan misloop nie.